

24 April

Psalm 66:16

Ek sal vertel

"Ek sal vertel aan al sy vriende wat Hy gedoen het aan my gees". Die woorde van Ps. 66:7 wat ons dikwels sing, vergeet ons tog so maklik. Wanneer dit goed gaan, wil ons onself die eer gee. Wanneer dit sleg gaan, versink ons so maklik in moedeloosheid. Dit het nie altyd met Israel voor die wind gegaan nie. Al was hulle die uitverkore volk van God, het Hy hulle geloof dikwels en op verskillende maniere beproef. Die Psalmdigter sê: "So het ons in 'n net gevang, 'n swaar las op ons gelê..." So het God hulle geloof getoets ten einde dit te louter. Psalm 66 bevat 'n herinnering aan die talle groot verlossingsdade van God in die geskiedenis van sy volk, byvoorbeeld die deurtog deur die Skelfsee (Eks 14). As die psalmdigter terugkyk en onthou hoe getrou die Here hulle gehelp, gelei en bewaar het in die swaar tye, wil hy dit vertel aan almal wat God vrees en dien.

Die Skrif leer baie duidelik dat ons aan ander moet vertel van God se gunsbewyse aan ons. In Psalm 40 vertel Dawid hoe God sy gebede op 'n wonderlike manier verhoor het. In Psalm 73 vertel Asaf van sy ernstige geloofsworstel en hoe God hom uiteindelik uit sy twyfel gered het. Jesus het self aan die man van Gadara uit wie Hy die duiwels uitgedryf het gesê: "Gaan na jou huis en na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die

Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was" (Markus 5:19).

Net so moet ons aan ander gaan vertel hoe God ons bystaan deur moeilike tye. Ons moet getuig hoe God voorsien en beskik, veral ook in die moeilike tye. Ons moet ons oë oopmaak vir sy liefde en sorg in ons lewe, elke dag. Gelowiges moet hoor hoe goed die Here aan jou gedoen het. So ontvang God die eer wat Hom toekom, en so word die ander gelowiges bemoedig.

Sing: Psalm 66:7

Ds. H.W. Schutte (Walvisbaai)